ORANIA BEWEGING

# Arbeidskonferensie aangebied deur die Orania Beweging 17 Oktober 2009

## Die werklikheid van eie arbeid: lesse, waarnemings en moontlike oplossings vir Orania

**Orania** onderskei homself reeds vir agtien jaar van ander gemeenskappe in Suid-Afrika deur die gebruik van eie arbeid. Hierdie beleid hou vele voordele vir Afrikaners in. Die geskiedenis het ons geleer dat eie arbeid die voorwaarde vir vryheid is. Terwyl Afrikaners in Suid-Afrika nog afhanklik is van ander volkere om arbeid te verrig, sal hulle nooit ware vryheid kan beleef nie. Eie arbeid is die wese van Orania se bestaan en dit is ook die rede daarvoor dat Oraniërs reeds daagliks in vryheid leef.

Die ontwikkeling van 'n unieke stelsel het nie sonder probleme gepaard gegaan nie. Maar dit is ook waar dat goeie vordering gemaak is met die gebruik van eie arbeid in Orania. Dit het tyd geword om hierdie saak in diepte te bespreek.

Sprekers uit eie geledere sal meer vertel oor die lesse wat hulle reeds in Orania geleer het en die realiteit waarvoor hulle daagliks te staan kom. Frustrasies het gelei tot unieke oplossings, maar daar is steeds ruimte vir verbetering en aanpassings.

Wêreldwyd is daar reeds suksesvolle voorbeelde van gebruik van arbeid, bv. aangepaste prosesse, meganisering en beplanning van produksielyne vir optimale uitset. Die tweede sessie van die konferensie sal kreatief na sommige van hierdie oplossings kyk.

Die wiele van arbeid moet nou vinniger begin rol. Die Orania Beweging nooi u hartlik uit na die Arbeidskonferensie op 17 Oktober. Kom gesels asseblief saam sodat ons met gesamentlike insette die beste antwoorde vir ons unieke situasie kan vind.

SPREKERS

## Renus Steyn

Hermanus Jurgens Steyn is op 7 Maart 1952 in Montagu gebore waar hy ook matrikuleer. Na sy skoolopleiding werk hy vir 'n aantal jare in die kwekery van die Kaapse Departement van Natuurbewaring waar hy eerstehands te doene kry met die kweek van vleirose, protea-soorte en ander inheemse plante. Daarna word hy skakelbeampte vir die Sinodale Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie van die N G - Kerk in die Wes-Kaap waar sy pligte veral nywerheidsbediening behels. Van 1986 is hy aangestel as die skakelbeampte vir SABRA en was hy ook betrokke by die oprigting van die Afrikaner Vryheidstigting (AVSTIG). Renus, wat 'n passie het vir volksake, verhuis in Augustus 1991 met sy vrou Alma en twee dogters na Orania. Hulle dogters voltooi ook hulle skoolloopbane hier. Op Orania is Renus aanvanklik die eerste Dorpsbestuurder, waarna hy die Besturende Direkteur van Orania Bestuursdienste word. Die afgelope tien jaar is Renus betrokke in die boubedryf op Orania, waar hy daagliks voor arbeidsuitdagings te staan kom. Hy bedryf ook 'n gesellige gastehuis saam met sy vrou. Renus het 'n groot belangstelling in internasionale politiek, staatkundige prosesse, geskiedenis, die natuurlewe en tuinmaak. Hy is die trotse oupa van een kleinkind.

## André Coetsee

Andries Stephanus Coetsee is op 12 April 1954 in Bloemfontein gebore. Hy matrikuleer aan die Hoër Tegniese Skool Bloemfontein waar hy provinsiale kleure in gimnastiek en die Skerpskuttertoekenning vir skyfskiet verwerf. Na skool voltooi hy 'n vakleerlingskap as vliegtuigmonteur in die Suid-Afrikaanse Lugmag. Hy word voorsitter van die studenteraad by die Skool vir Tegniese Opleiding en voltooi ook die kursus as vlugingenieur. Na 'n tydperk by die Atlas Vliegtuigkorporasie begin André sy eie tegniese onderneming op Lydenburg. Hierna verhuis hy in 1996 saam met sy gesin na Orania waar hulle die suksesvolle Aan-die-Oewer vakansieoord bedryf. André is verder ook die eienaar van 'n bou-onderneming wat spesialiseer in die oprigting van houthuise en mede-eienaar van 'n elektriese onderneming. Hy dien op verskeie komitees en direksies op Orania en het onlangs 'n gimnastiekklub begin om te sorg dat die gemeenskap rats en soepel bly. André is reeds 27 jaar lank getroud met Karin. Hulle het vyf kinders en een kleinkind.

## Willie du Plessis

Johan Willem du Plessis is op 28 Junie 1956 in Randfontein gebore. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Jan Viljoen waarna hy by verskillende myne werk. Hy volg sy hart en verskuif na die menslike hulpbronafdeling en verwerf ook die grade B. Tech. Menslike Hulpbronnebestuur en B. Tech. Honneurs Menslike Hulpbronne: Opleiding (2006). Na 'n tydperk by Anglo Platinum verhuis hy saam met sy eggenote na

Orania om die bestuur van die Elim Arbeidsentrum oor te neem. Willie lewer hier waardevolle insette om Elim tot nuwe hoogtes te laat uitstyg. Hy dien op verskeie komitees en is ook gekoöpteer as direksielid van Vluytjeskraal Aandeleblok Beperk met die portefeulje: arbeid. Willie beskik oor 'n kommersiële skipperlisensie en as hy in sy besige program die geleentheid kry, geniet hy diepseehengel. Sy vrou, Debbie is in eie reg betrokke by Elim. Willie is die vader van drie kinders en oupa van twee kleinkinders.

## Willie Nel

Willem Jacobus Nel is op 26 Mei 1973 in Cradock gebore. Hy matrikuleer in 1991 in Lady Grey waarna hy na Orania verhuis. Willie is 'n sakeman wat onder meer betrokke is by graanbemarking en die verspreiding van hondekos. Hy verskaf tans voltydse werk aan vyf persone en ook aan verskeie subkontrakteurs. Hy dien ook op kommissies en direksies op Orania. Hy het sy vrou Yolanda op Orania ontmoet en hulle het vier kinders. Willie geniet dit om in die jagveld te ontspan.

## John Strydom

John Christopher Strydom is op 1 April 1954 in Senekal gebore. Hy het op Harrismith skoolgegaan waar hy ook gematrikuleer het. Hy het daarna in die medisyne gestudeer aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Na 'n paar jaar se hospitaalwerk was hy vir 18 jaar in 'n privaatpraktyk.

'n Belangstelling in voorkoming van siekte het hom laat besluit om te werk aan gesonder kosproduksie en hy boer vanaf 1996 op Orania met pekans, amandels en lusern. Sy doel is om uiteindelik 'n volle siklus van geïntegreerde boerdery te laat werk in een van die moeilikste streke van die RSA.

Sy belangrikste kwalifikasie is dat hy tans self arbeider is. Hierdie voorreg deel hy met sy vrou, Lida, drie kinders en twee geesdriftige skaaphonde. Sy belangstellings sluit onder meer vlieg en permakultuur in.

## Christo Opperman

Christo Hermanus Opperman is op 20 November 1964 in Johannesburg gebore. Hy matrikuleer op Beaufort-Wes en studeer daarna in die Ingenieurswese waar hy ook in 1995 die M.Ing. in Konstruksie-projekbestuur (Construction Project Management) verwerf. Hy volg ook verskeie bestuurs- en leierskapkursusse en is tans besig met 'n MBA aan die Edinburgh Business School. Sy werkservaring sluit onder meer padbou, projekbestuur en opgradering van gesondheidsgeriewe, oprigting van biblioteke, brandweerstasies en stormwaterstrukture in. Hy is as 'n eksterne eksaminator by die Universiteit van Pretoria betrokke. As hy die geleentheid kry geniet hy 4x4-veldritte en jag. Christo is getroud met Carol-Anne en hulle het twee kinders.

# Arbeidskonferensie: Die werklikheid van eie arbeid: lesse, waarnemings en moontlike oplossings vir Orania

**Saterdag 17 Oktober, Orania Gemeenskapsaal**

| | |
|---|---|
| 08:30 | Registrasie |
| 09:00 | Opening: Mnr Barend Potgieter |
| 09:05 | Verwelkoming: Mnr Frans de Klerk |
| 09:10 | Inleiding tot die gesprek: Mnr Renus Steyn |
| 09:30 | **Sessie 1**: Die werklikheid van eie arbeid: uitdagings en oplossings |
| | Voorsitter: Mev Lida Strydom |
| | Sprekers: Mnr André Coetsee |
| | Mnr Willie du Plessis |
| | Mnr Willie Nel |
| | Bespreking |
| 10:45 | Tee |
| 11:15 | **Sessie 2**: 'n Breër blik op arbeid en kreatiewe uitkomste vir Orania |
| | Voorsitter: Mnr Carel Boshoff (iv) |
| | Sprekers: Dr John Strydom |
| | Mnr Christo Opperman |
| | Bespreking |
| 12:15 | Afsluiting |

Registrasiefooi: R100 per persoon

Lede van die Orania Beweging registreer teen R50 per persoon.

## RSVP:

9 Oktober 2009
by 053 2070 062
of stuur 'n e-pos na oraniabeweging@orania.co.za

www.orania.co.za